HOOFSTUK 4

# 4. STANDERTON EN DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG

## 4.1 Agtergrond

Drie en 'n half jaar het sedert die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek op 12 April 1877, verloop en die volk het hulle rustig gehou, altyd in die vertroue dat hulle 'n vry volk was, en geen onderdane van die Koningin nie, in die ver= troue dat die Britse regering die dade van sy amptenare aan 'n ernstige ondersoek sou onderwerp, en intussen uit eerbeid vir die wet, sou hulle saamwerk met die tydelike regering om die wet te laat eerbiedig en om getrou op te kom, byvoorbeeld as jurielede, om die handhawing van die reg te bevorder.

Die toegeeflikheid van die volk is sleg beloon. Twee deputa= sies wat hulle in 1878 na Engeland gestuur het, is wel beleef ontvang, maar hulle is nooit vergun om die punt van anneksasie aan die Britse regering voor te lê nie.[1] Op 10 Desember 1879, is 'n volksvergadering op Wonderfontein gehou. Daar is die soewereiniteit van die koningin van Engeland openlik deur ses= duisend burgers gerepudieer en daar is besluit dat die volk van die Suid-Afrikaanse Republiek nog nooit onderdane was van die Britse koningin nie, en dit ook nie wil wees nie; die volk verlang dat die regering van die Republiek so spoedig moontlik sy werksaamhede sal hervat en dat die Volksraad so spoedig moontlik byeengeroep word. Ten slotte beloof die volk om die onafhanklikheid tot die dood toe te verdedig.[2]

---

1) M. Heyns: Die Eerste Vryheidsoorlog 1877-1881, p. 263.

2) Ibid., pp. 264-267.

Groot Brittanje se verteenwoordigers in Suid-Afrika het die Imperiale regering egter verkeerd ingelig. Die afwesigheid van wapengeweld en van opruiende en onverantwoordelike taal en die toesegging van die burgers om belastings onder protes te betaal, is vir tevredenheid aangesien en in dië sin is aan die Britse regering verslag gedoen.

Onder hierdie toestand van skynbare onderdanigheid, is voor= bereidsels vir die komende stryd in stilte getref. Om geen aandag te trek nie, is wapens en ammunisie drupsgewys ver= samel. Daar moes egter handelend opgetree word, en andermaal is 'n vergadering van die volk belê; die keer by Paardekraal, op 8 Januarie 1881.[3)]

Die gebeure rondom die wa-insident van Piet Bezuidenhout[4)] van Potchefstroom, het daartoe aanleiding gegee dat die Paardekraal= vergadering vervroeg is en die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek op 13 Desember 1880 herstel is. Die herstelde Volks= raad het die bestuur van die land opgedra aan 'n driemanskap: Paul Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert, met Heidelberg as voorlopige setel van die regering. Op 16 Desember 1880, het die eerste skoot op Potchefstroom geval en die Eerste Vryheidsoorlog het begin.[5)]

---

3) A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer, verwerk en bygewerk deur D.W. Kruger, (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 310-311.

4) Vir meer besonderhede raadpleeg M. Heyns: Die Eerste Vryheidsoorlog 1877-1881, pp. 241-245.

5) Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., p. 312.

## 4.2 Die burgers van Standerton maak hulle gereed vir die verset

Gedurende die laaste helfte van 1879 en gedurende 1880,het daar 'n reeks voorvalle plaasgevind wat daarop gedui het dat sommige burgers van Standerton hulle begin voorberei het om hulle land se onafhanklikheid, desnoods met geweld, terug te kry. Hierdie voor= bereiding het ook die verkryging van ammunisie ingesluit.

Ammunisie was naamlik in hierdie tyd 'n baie skaars artikel. Deur smokkelhandel het die Britse outoriteite toegelaat dat swartes van wapens voorsien is en sorg gedra dat die burgers geen ammunisie in die hande kon kry nie. Die burgers moes maar daarop reken om hulle ammunisievoorrade self in die hande te kry.[6] Dit het hulle op verskillende wyses, soos uit die volgende voorvalle blyk, probeer doen. In die verband rappor= teer landdros Krogh dat burgers ammunisie by Peel se winkel en by nog 'n ander winkel op die Hoëveld geneem het en dat hulle van voornemens was om na Standerton te kom,skynbaar om daar ook ammunisie te kry. Hy was egter van mening dat hulle nie sou kom nie, en weier om permitte vir ammunisie uit te reik tot verdere instruksie.[7] Kort na hierdie voorval het agt burgers by Preis se winkel opgedaag en ammunisie van hom geëis. Hy het egter geweier,waarna hulle na ammunisie begin soek het, dog hy het hulle met 'n leë rewolwer die aftog laat blaas. Hulle het egter belowe om gewapen terug te kom en dan die ammunisie te neem.[8]

---

6) Heyns: a.w., p. 275.

7) R.3576/79: Telegram landdros Krogh - Colonial Secretary, 15.10.1879.

8) R.3642/79: Telegram landdros Krogh - Colonial Secretary, 18.10.1879.

Op 22 Oktober 1879 weer, het tussen dertig en veertig burgers by die winkel van Cameron en Dendy op die plaas, Strydkraal, ongeveer dertig kilometer van Standerton op die Wakkerstroompad, aangekom en om ammunisie gevra. Omdat hulle nie 'n permit gehad het nie, het Cameron geweier om hulle te bedien. Die leier van die burgers, Jan de Jager, het geantwoord dat hulle daarvan bewus was dat hulle nie 'n permit het nie, maar dat hulle vasberade was om ammunisie te verkry. Hulle het toe uit die winkel se stoorkamer 490 lb. kruit en 2 000 patrone geneem en die geld daarvoor op die toonbank gelaat. Geen geweld is in die proses gebruik nie.[9)]

Laasgenoemde voorval is deeglik deur landdros Krogh ondersoek en sy bevinding was dat die inwoners van sy distrik geen rede tot klagte teen die regering het nie. Hy meen egter dat Cameron en Dendy ook te blameer was vir die ongewone optrede van die burgers en dat die regering geen baat by enige stappe teen die burgers sou vind nie. Ten slotte beveel hy aan dat 'n gematigde houding teenoor hulle ingeneem moes word.[10)] Dit skyn of die regering ag geslaan het op die aanbevelings van Krogh, want hy kry kennis dat hy mag voortgaan om "Powder Permits" aan lojale burgers, volgens die bestaande instruksies, uit te reik.[11)]

Dit skyn dus of sommige burgers van die Standertonse distrik hulle vir die komende stryd begin bewapen het, al was dit dan ook

---

9) R.3741/79: Beëdigde verklaring van J. Cameron voor landdros Krogh afgelê, 17.1.1880.

10) R.3741/79: Landdros Krogh - Colonial Secretary, 17.5.1880.

11) R.3576/79: Staatsekretaris - Landdros, s.d.

op 'n ongewone manier. Die feit dat hulle geld vir die ammuni= sie op Cameron en Dendy se winkeltoonbank gelaat het, bewys dat hulle wel bereid was om vir die ammunisie te betaal.

Hierdie optrede van burgers om ammunisie in die hande te kry, was nie net tot die Standertonse distrik beperk nie. Dit het ook in Potchefstroom gebeur toe Piet Bezuidenhout van dié dis= trik voor die hof gedaag is omdat hy ammunisie in 'n winkel gevat het omdat winkeliers opdrag gekry het om nie aan die Boere ammunisie te verkoop nie.[12]

Namate die jaar 1880 sy einde genader het, het voorbereidings vir die naderende Vryheidstryd in alle erns begin. Getuie hier= van was De Volksstem se korrespondent wat langs die Vaalrivier (waar die politieke gevoelens hoog geloop het) op was in die wyk Blesbokspruit. Oral was die mense besig om voorbereiding te tref. Beeste is geslag, brood en beskuit gebak en waens is in gereedheid gebring.[13]

## 4.3 Standerton word deur 'n Britse militêre garnisoen beset

Gedurende 1880 was verskeie Britse militêre garnisoene alreeds oor Transvaal onder andere by Pretoria, Rustenburg, Lydenburg, Wakkerstroom en Standerton, versprei. 'n Kompanie van die 94e Regiment,was op Standerton gestasioneer.[14]

Tydens die Britse besetting is Standerton as 'n miserabele ou plekkie beskryf. Sonder enige bome het die klompie sindak=

---

12) Heyns: a.w., p. 243.

13) De Volksstem, 18.12.1880.

14) Lady Bellairs: The Transvaal War 1880-1881, p. 43.

huisies vir die reisiger, C.L. Norris-Newman, gelyk "as if they had been a mudsplash thrown on the bare veld. Standerton sprawled on a slope which overlooked a fort across the broad sparkling Vaal to the south. The fort in turn lay below rocky kopjes rising to the north and east, and the towering flat Standers Kop which guided distant travellers on the veld."[15)]

Nieteenstaande Standerton se oënskynlike vaal voorkoms, was die dorp tog van strategiese waarde omdat dit halfpad tussen Pretoria en Newcastle geleë is op die hoofroete tussen Natal en Transvaal. Die bestaande Britse garnisoen is op 21 Desember 1880, toe twee kompanies van die 94e en 58e Regiment van Wakker=stroom af die dorp onder die bevel van kaptein Froome binne ge=marsjeer het, versterk.

Die kamp van die bestaande garnisoen was ongeveer 'n halfmyl buite die dorp geleë. Die verskansings was nog ver van klaar af en na sy aankoms, het kaptein Froome en sy troepe dadelik maatreëls getref vir die verdediging van die dorp en die garni=soen teen 'n moontlike aanval deur die Boere getref. Ook is die bestaande fort, bekend as Fort Alice, versterk.[16)]

Met die uitbreek van die oorlog het die Boere van Standerton se omgewing ingesien dat dit onmoontlik sou wees om die dorp te be=storm. Weens die aanwesigheid van die Britse garnisoen sou dit te veel menselewens kos en is daar toe vir eers besluit om Standerton te beleër.[17)]

---

15) Soos aangehaal deur J.H. Lehmann: The First Boer War, p. 207.

16) C. Cowley: Schwikkard of Natal and the old Transvaal, p. 85; Lehmann, a.w., p. 207.

17) J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis: Geschiedenis van de Emmigranten-Boeren en van den Vrijheids-Oorlog, p. 364.

Die Boere het bo-op Standerskop stelling ingeneem en die Engelse vandaar bestook. Hulle het ook 'n laer oorkant die Vaalrivier en verskeie ander in die distrik gehad.[18]

Nadat berig ontvang is van die teëspoed wat kolonel Anstruther op 20 Desember 1880 naby Bronkhorstspruit getref het,[19] was dit genoeg om die Britse troepe dadelik aan die werk te laat spring. Nog 'n fort is op 'n hoogte buite die dorp gebou en skietgate is in die mure van die landdroskantoor en poskantoor gemaak.[20] Die deure en vensters van die belangrikste geboue is met sand=sakke verskans en die huise wat op die rivieroewer gestaan het, is tot op die grond platgeslaan om te verhoed dat daar 'n hindernis in die vuurlyn van die verdedigers was.[21] Daar is ook draadversperrings gemaak en die Britse troepe was baie in hulle skik daarmee. Dit was iets nuuts in defensiewe oorlog=voering en hulle was daarvan oortuig dat dit vir die vyand te perd of te voet 'n groot verleentheid sou wees. By Fort Alice is 'n hospitaal ingerig en maatreëls is getref om die N.G. kerkgebou in 'n noodsituasie,as hospitaal te gebruik.[22]

## 4.4 Die koms van majoor Montague

Op 23 Desember 1880,het majoor Montague van Pietermaritzburg af na Standerton gekom en die bevel oor die dorp en garnisoen oor=geneem. Krygswet is afgekondig en die manlike inwoners van die

---

18) J. Nixon: The complete story of the Transvaal, p. 230.
19) Vir verdere besonderhede sien Heyns: a.w., pp. 314-315.
20) Cowley: a.w., p. 85.
21) Weilbach en Du Plessis: a.w., p. 364.
22) Cowley: a.w., p. 85.

dorp is in 'n tuiswag georganiseer. Reëlings is ook getref om in geval van nood die vroue en kinders in 'n laer te huisves.[23] Montague het die verdediging verder opgeknap deur die kamp te fortifiseer en 'n klein fortelinie rondom die dorp op te rig. Die inwoners wat hulle samewerking gegee het, is toegelaat om in hulle huise te bly. Die vroue en kinders is die eerste paar nagte in die N.G. kerkgebou gehuisves, maar dit was te ongerief=lik en hulle is toegelaat om na hulle huise terug te keer.[24]

Op 25 Desember is die telegraafverbinding met Natal, deur die Boere buite werking gestel.[25] Vir Montague was dit baie lastig, want hy was nou van die buitewêreld afgesny en het dus geen idee gehad van die verdere verloop van die stryd nie.

### 4.5 Die eerste geveg

Die eerste skermutseling het op 29 Desember 1880 plaasgevind, toe 23 Engelse wat op 'n verkenningstog uit was, deur ongeveer 300 Boere gewaar is. Die Engelse sou heeltemal van die kamp af=gesny gewees het, was dit nie vir 'n vrywillige aan Engelse kant met die naam van Hall wat voor hulle ingery en hulle gewaarsku het nie. Hulle het op vlug geslaan. Hall se perd is onder hom doodgeskiet, waarop hy skuiling agter die dooie perd gesoek en op die Boere gevuur het totdat hy die doodskoot gekry het. Hy het dus sy doel bereik maar sy lewe verloor. Sy lyk is eers teen die end van Maart 1881 gekry, d.w.s. na die wapenstilstand en hy is met volle militêre eerbewys begrawe.[26]

---

23) Ibid., p. 87.

24) Nixon: a.w., p. 229.

25) Bellairs: a.w., p. 327.

26) Nixon: a.w., p. 229; The Standerton Times, 1.1.1881.

### 4.6 Die beleg van Standerton

Aan die begin van die beleg was daar net 34 swart en gekleurde vrywilligers saam met 350 soldate. Deur druk uit te oefen, het Montague die getal vrywilligers opgestoot tot 75.[27)]

Montague het ook aan die Boeresimpatiseerders die geleentheid gegee om die dorp te ontruim. Hulle verlate huise was egter vir stropers wat moeilik was om te beheer, 'n groot versoeking. Die paar vrouens wat agtergebly het, het gekla oor die steel van die kerkklok, Bybels en gesangeboeke. Hierdie artikels is later by lede van die 94e Regiment gevind. Die vroue en kinders is aanvanklik in 'n groot wolskuur waarvan die vensters en deure ver= sterk is, gehuisves. Toe die Boere egter nie 'n direkte aanval op Standerton maak nie, is die vlieëlaer soos dit genoem is, uiteen en die vroue het na hulle huise teruggekeer waar die enigste gevaar so nou en dan 'n verdwaalde koeël was.


Die Engelse het gou geleer dat die Boere se geweervuur vanaf Standerskop baie akkuraat was. Om die Boere se geweervuur der= halwe van die fort af weg te trek en om hulle onder die indruk te bring dat die Engelse nie veel daarvan gedink het nie, het Montague die tente buite die fort net so gelaat. Die plan het aanvanklik geslaag, want dit het die Boere 'n hele ruk geneem om agter te kom dat daar niemand in was nie.[28)]

Op 4 Januarie 1881 het die Engelse probeer om die Boere in 'n

---

27) Lehmann: a.w., p. 208; The Standerton Times, 1.1.1881; Weilbach en Du Plessis: a.w., stel die aantal soldate op net 150.

28) Lehmann: a.w., p. 208.




Beleg van Standerton

lokval te lei, dog hulle soldate het in die donker verdwaal en die plan het misluk.[29)]

'n Ander plan wat Montague bedink het om die Boere op 'n veilige afstand te hou, was om 'n fopkanon van hout wat swart geverf is en op twee wiele gemonteer is, te laat maak. Om dit 'n "blaf" te gee, is vier gewere onderaan vasgemaak en die snellers is met 'n tou verbind sodat al vier gewere, met 'n trek aan die tou, ge= lyk afgaan. Wanneer die fopkanon in posisie gebring is, het die Boere gewoonlik op 'n veilige afstand gebly.[30)]

Teen die einde van Februarie het die geweervuur op die Engelse fort as gevolg van 'n tekort aan ammunisie, begin afneem. Die Engelse het erken dat hulle 18 000 rondtes gevuur het, dog het beweer dat die Boere driekeer meer gevuur het.[31)] Hierdie be= wering van die Engelse hou egter nie stand nie, want elke Boer het maar ongeveer 15 patrone gehad waarmee hy die "Magtige Engeland" beveg het met sy onuitputlike bron voorrade.[32)] Vroeër in hierdie hoofstuk is daar ook reeds op die feit gewys dat daar by die Boere van Standerton 'n groot skaarste aan ammunisie was.[33)]

Die besette gebied van Standerton het ongeveer ses vierkante kilometer beslaan. Binne die gebied was daar ongeveer twaalf= honderd diere soos perde, donkies, osse en koeie om te beskerm.

---

29) Nixon: a.w., pp. 229-230.
30) Lehmann: a.w., pp. 209-210; Nixon: a.w., pp. 230-231.
31) Lehmann: a.w., p. 210.
32) Heyns: a.w., p. 275.
33) Sien bladsy 89.

Die Engelse het egter groot moeite gehad om in besit van die diere te bly, want die Boere het altyd gereed gestaan om die diere buit te maak.[34)]

In die Engelse kamp is 'n koerantjie naamlik "The Standerton Times", uitgegee.[35)] Hierdie koerantjie wat met die hand ge=skryf en vir private sirkulasie in die kamp bedoel was, het vanaf 1 Januarie 1881 tot 11 Januarie 1881 ses uitgawes beleef. Op die voorblad van elke uitgawe was daar 'n hele klomp adver=tensies. Die opsteller daarvan moes iemand met 'n goeie humor=sin gewees het, want in die advertensies word daar gedurig die draak met die Boere gesteek. So word daar na die Boerekomman=dant verwys as dr. Piet Erasmus met sy "Patent Retreat Pills, specially recommended by the faculty to Swash-bucklers of retiring habits as a cure for lead poisoning. Sold at Fort Funk in barrels." Dr. Bukley skryf aan die ontdekker: "I have tried your Pills and find them excellently adapted to the cure of wounded fingers."[36)] 'n Ander een het gelui: "Lost - two bottles of Dutch courage and a genuine Dutch Pluck. Anyone returning the same to General Voorzigtig at Fort Funk will be rewarded with a biltong and a sopie" en "Funk for Sale apply at the Boer camp."[37)] Nog 'n voorbeeld was: "Important Sale - Paul Kruger 'The People's Auctioneer' will sell at Erasmus Auction Mart, Fort Funk, a number of useful and reliable articles including inter alia 1 doz. cases best horse blankets, 3 pairs veld shoes, nearly new. A very large quantity of Dutch Courage 5 cases genuine and Compressed Dutch Pluck. At the same time

---

34) Weilbach en Du Plessis: a.w., pp. 364-365.

35) Preller-versameling: A.787, Band 114, The Standerton Times.

36) The Standerton Times, 11.1.1881.

37) The Standerton Times, 2.1.1881.

will be sold a small quantity of fighting medicine specially prepared by Doctor Van Zwell from Injofas Heart. Sale to com= mence on Midnight of the 16th December, 1881."[38] Die "Injofas Heart" waarna verwys word, sinspeel blykbaar op 'n Bantoe met die naam Injoja wat aan Engelse kant geveg het.[39]

Die taak van die Boere was elke dag dieselfde; hulle moes dag en nag in wind en weer en in koue ongemak, hulle wagposte beman.[40]

## 4.7 Einde van die beleg

Die laaste skoot gedurende die beleg van Standerton, is op 11 Maart 1881 gevuur. Dit het gebeur toe 'n aantal oorlog= waens vanaf Newcastle die drif in die rivier genader het. Die sersant in bevel van die Engelse skerpskutters in die kamp, het die bevel gegee om te vuur en 'n Boer by die waens is getref waarop twee Boere met 'n witvlag na die drif toe gery het. 'n Bantoe het deur die Vaalrivier geswem met 'n brief wat 'n afskrif van die wapenstilstandooreenkoms bevat het, gestuur deur genl. P. Joubert. Montague het egter die brief in twyfel getrek en voortgegaan met die verdediging van Standerton.[41]

Die oggend van 26 Maart 1881, het 'n groot deel van die laer wat by Majuba was, op Standerton aangekom en die tyding gebring dat vrede gesluit is. Dit is kort daarna deur 'n amptelike rapport wat deur 'n offisier van genl. Evelyn Wood se staf gebring is,

---

38) The Standerton Times, 11.1.1881.

39) Nixon: a.w., p. 230.

40) Weilbach en Du Plessis: a.w., pp. 364-365.

41) Lady Bellairs: a.w., pp. 348-349.

bevestig. Dié nuus het die Boere sowel as die Engelse met blydskap vervul; veral die vrouens van Standerton was na drie maande se onrus en angs baie verlig. Genl. Piet Joubert het dieselfde aand ook op Standerton aangekom en 'n byeenkoms, waar=tydens hy die vredesvoorwaardes aan die burgers voorgelees en dit aan hulle breedvoerig verduidelik het, gehou. Verder het hy die burgers vir hulle troue diens bedank en aan hulle verlof gegee om na hulle huise terug te keer.[42)]

Die beleg van Standerton het dus nie baie aksie en geweld mee=gebring nie. Met die klein aantal burgers en beperkte ammunisie=voorraad tot sy beskikking, kon die Boerekommandant, Lombaard, nie veel meer doen as om net te verhoed dat die Engelse die dorp verlaat nie. Lewensverlies was dus ook gering. Aan Engelse kant is vyf man gedood terwyl aan Boerkant daar geen ongevalle was nie.[43)]

## 4.8 Samevatting

Saam met die res van die burgers van Transvaal, het die Stander=tonners, hulle op 'n gewapende verset teen die Britte, begin voorberei. Net soos dit die geval was met ander belangrike dorpe in Transvaal, is Standerton ook as strategiese punt deur 'n Britse garnisoen beset. Met die uitbreek van vyandelikhede, is die garnisoen versterk en het die beleg van Standerton wat tot aan die einde van die oorlog geduur het, begin. Die beleg het nie baie aksie meegebring nie en was eintlik net beperk tot 'n oor-en-weer-skietery tussen die Boere en die Britte.

---

42) Weilbach en Du Plessis: a.w., p. 365.

43) Lehmann: a.w., pp. 209-210.